# Die boodskapper

Peter Snyders

# Kaapse Afrikaans –

## Dit is ‘n erkende vorm van Afrikaans, nie ‘n afwyking nie.


- Kaapse Afrikaans bevat heelwat Engelse woorde.
- Klanke assimileer soms
- Woorde word gespel soos dit uitgespreek word.
- Die “o”-klank as “oe” gespel

# Die boodskapper



# Die boodskapper

- <u>Uiterlike bou</u>
- 15 versreëls
- 3 kwatryne en 1 tersine
- Versreëls begin nie almal teen die kantlyn nie = inkeping
- Vrye vers want:
  - Geen vaste rympatroon nie
  - Reëllengtes verskil
  - Gebrek aan leestekengebruik




**TITEL**


# Die boodskapper


## Wie is die boodskapper?



Personifikasie: Venus word as mens voorgestel.







TEENAGERS IN LOVE
RIPATAPIR.DEVIANTART.COM

# Strofe 1



Die aandster word ook Venus genoem en Venus is die godin van liefde.

Personifikasie: Aandster wat knipoog soos 'n mens.

kwatryn

1 Die aandster vonkel **soe** speels vanaand

2 was **daa** 'n knip**oeg**

3 van jou

4 na my?

Retoriese vraag

Inkeping: Boots die beweging v.d. spreker en sy geliefde na, hulle beweeg nader aan mekaar.

# Strofe 2

kwatryn

5 **Djy** is so naby
6 **soes** die helderste ster
7 **djy's** die spoed van 'n gedagte
8 weg van my

Intensiewe vorm van helder is **glashelder**

Stylfiguur: Elisie
Djy's = jy is

# Strofe 3

Kort tydsverloop wat afwagting skep, wat is die boodskap?


Aandster en godin van liefde

kwatryn

Ek los 'n boodskap by Venus vir jou -
as **djy yt** jou aandklas
kom, **stiek yt** jou hand
haal dit af:

Sy is moontlik 'n deeltydse student

Verduidelik wat sy moet afhaal


# Strofe 4

tersine

[13] dis die briefie

[14] met die soentjie

[15] ⟷ op die omslag



Skep die gevoel dat in die “oop spasie” die soen op die omslag gegee word.

Weer inkeping soos strofe een. Beklemtoon die nabyheid wat in strofe een deur inkeping geskep is.

Voltooi die vrae op bl. 110 in jou leesboek.

# Leesboek bl. 110

1. Die aandster word ook Venus genoem en Venus is die godin van liefde.
2. In die aandklas.
3. Venus
4. Dat die spreker lief is vir haar.
5. Daar is ‘n soentjie op die omslag.
6. Dit vonkel, met ander woorde dit lyk asof die ster ‘n oog is wat vinnig knip.
7. Dit gee hom die vrymoedigheid om vir sy meisie ‘n liefdesbriefie te skryf.
8. Sy is so naby soos die helderste ster aan hom. Die spoed van ‘n gedagte word nie deur afstand beperk nie en sy is so naby soos ‘n gedagte aan hom.
9. Dit boots die vinnige en maklike beweging van die spreker en die geliefde na mekaar toe na, asook die gemak waarmee sy die briefie as hare sal eien.